

KOERSVAS

Uitgawe 4 Jaargang 1 23 November 2012



In hierdie uitgawe

Nuusbrokkies

Geloofsbond

Redaksioneel

Die Kommissie van die AKV se reaksie op gemeentes se besluit om onafhanklik aan te gaan, kan nie altyd gepeil word nie. Die amptelike reaksie soos verwoord in omsendskrywe 17 is net die voorkant van die kaarthuis. Daar is donkerder kante tot die reaksie, soos blyk uit die aandrang dat daar oral skadu-gemeentes in die lewe geroep moet word. Dit is totaal anders as optredes in die verlede. Voorheen sou 'n gemeente wat nie meer kon oorleef nie, ontbind word. Eiendom sou vervreem word, agterstallige heffingsgeld betaal word en die res van die geld dan aan die buurgemeentes volgens lidmate verdeel word, of iets dergliks. Nou moet daar in 'n huis of 'n skoolsaal kerk gehou word, wat druk op predikante en emeriti plaas. Die lidmate, veral die in Pretoria, kan gemaklik in buurgemeentes ingedeel word en dit sal tot gevolg hê dat die buurgemeentes bietjie sterker staan en die lidmate gemaklik tuiskom. Die ongerief wat almal nou aangedoen word, het as oorsprong die KommAKV se vashou aan die 1893 Trichardtsfontein-saak. Die doel is skynbaar om hofsake namens die "geaffronteerde" lidmate te begin. Na die gemors van die hofsak sal alles

so aan flarde lê dat dit sinvol sal blyk te wees om die eiendom te vervreem, agterstallige heffings te betaal en die lidmate in die buurgemeentes te verdeel.

'n Volgende donker kant blyk die KommAKV se teikengroep te wees. Dit is veral die ouer lidmate, wat met 'n gesonde mengsel van lojaliteit, vrees en vae beloftes oortuig word om skielik teen die onafhanklikwording te draai.

'n Donker vraag wat gestel moet word is na die beweerde agterstallige heffings. Gaan die "lojale lidmate" verantwoordelik gehou word vir hul eie heffings asook die res van die gemeente se heffings? Word die hofsak rakende eiendom die waarborg/verband wat geteken word om iewers hierdie heffings te verreken?

'n Dierbare kollega waarsku almelewe dat jy maar moet seker maak jy het 'n lepel met 'n lang steel indien jy saam met die duiwel uit dieselfde pot wil eet.

Nuusbrokkies

- Stilfontein, Schweizer- Reneke en Bloemhof is die nuutste toevoeging tot die groep Onafhanklike gemeentes. Ons staan nou op elf in getal. Daar is heelwat navrae oor huisgemeentes, maar ons sal dit vir eers as vertroulik hanteer.

- Die Kommissie van die AKV se nuutste Omsendskrywe 17 het groot beroering in die NHKA tot gevolg gehad. Dit word allerweë beskou as 'n dokument wat die ban uitspreek oor steedsHervormer lidmate en gemeentes. Die ironiese is dat die KommAKV geen mandaat het om te besluit oor sake soos lidmaatskap nie.
- Dit was veral vir die NHSV wat hierdie skrywe 'n klap in die gesig was. Die NHSV hoofbestuur het juis tydens hulle laaste vergadering besluit dat alle dames welkom is om deel te wees van die Susters se dienswerk. Die ouetehuse en ander dienswerk stel hoë eise aan die dames en almal se hulp en bystand is kosbaar en nodig. Die Susters se inklusiwiteit was egter dadels werd. Nou het die KommAKV eensydig besluit dat susters van onafhanklike Hervormde gemeentes nie welkom is om dienswerk te verrig nie.
- Die November byeenkoms het in goeie gees plaasgevind. Die sH doel is as gemeenskaplike doel aanvaar en daar is besluit om 'n geloofsbond vergadering te hou op 26 Januarie 2013.
- Die doel: In gehoorsaamheid aan die Drie-Enige God beywer ons onself daarvoor om die Woord van God suiwer te verkondig. Ons doen dit deur getrou aan die belydenisskrifte volgens die Bybels Reformatoriese Hervormde tradisie, kerk te wees.
- sH Lidmate wat predikant wil word, is aangemoedig om by enige universiteit in te skakel en in te skryf vir 'n basiese graad met tale. Die volgende vakke moet voorkeur geniet: Hebreeus, Grieks, Latyn, Duits en Wysbegeerte.
- Kategese: Gemeentes is ingelig dat ,as tussenmaatreël, hulle met vrug gebruik kan maak van die kategetiese materiaal wat deur

AROS uitgegee word. Die fisiese adres van AROS is in Waverley, die volle kontakbesonderhede kan gevind word op aros.ac.za of u kan skakel na 012-332-3227/8.

- Ekumene: Die vergadering was baie positief oor die moontlikheid van 'n koalisie van onafhanklike Reformatoriese Kerke. Indien so 'n koalisie nie bestaan nie, is die komitee die mandaat gegee om met ander onafhanklike gemeentes gesprek te begin voer om sodanige koalisie op die been te bring. Daar was reeds verskeie onafhanklike gemeentes wat na die vergadering bestuurslede gekontak het en hulle positief ten gunste van so 'n koalisie uitgespreek het.

Geloofsbond

Daar heers groot opgewondenheid oor die eerste Geloofsbond vergadering wat vir 26 Januarie 2013 beplan word. Daar word beplan om wyd te konsulteer en soveel insette moontlik te kry tydens hierdie gekiedkundige byeenkoms. Gemeentes word daarom versoek om seker te maak dat daar, volgens versoek, afgevaardigdes na die vergadering gestuur word. Ons verwag dat elke gemeente die volgende persone sal stuur: Twee ouderlinge, 'n Diaken, die Finkom afgevaardigde met mandaat, Kategesehoof, Jeugleier, Verteenwoordiger namens die Susters, Administratiewe beampste en natuurlik die predikant en emeriti. Indien daar regsgeleerdes in u gemeente is, sal ons baie bly wees indien 'n paar van hulle ook teenwoordig kan wees om aan ons Kerkorde te timmer sodat dit meer in lyn met landswette is. Die agenda sal vroeg in die nuwe jaar aan almal uitgestuur word en almal word uitgenooi om sake wat u van belang ag, aan te bied as sake wat op die agenda geplaas moet word. Wederom tot volgende keer.